Dankoffer-bydrae en kollektes se inbetalings

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**)
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank:

CACHET 2024 EERSTEJAARSKAMP

Datum: 29 Jan - 2 Feb 2024
Plek: Manzini Plesier plaas
Tema: Christene as een liggaam
Prys: R1300

Kontak ons gerus:
Anika: 073 320 3106
Leoné: 082 610 9671

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
26 JANUARIE 2024

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 per hamburger. **Worsbroodjies R 30**
Daar sal nog geen pannekoek beskikbaar wees nie want ons baasbakster is afwesig



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 1 Sondag **14 Januarie 2024**
Redakteur: Rudy van der Spoel **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste.
Ouderlinge: Wyk 7 **Tom Chambers** en Wyk 8 **Charles Reynecke.**
Diakens: Wyk 7 **Banie Nortjé** en Wyk 8 **Zurich Terblanche.**
TEEBEURT: Wyksusters: 1 Ina Roos en 2 Malie Wyma

EREDIENSTE Oggend ds Jannes van Dyk, aand Prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Die sakrament van die doop word vanoggend bedien aan **Hein Schaaf,** seuntjie van Gernot en Mienke en ook aan **Maroné,** dogtertjie van Erick en Johané Reynecke. Johané word ook vanoggend opgeneem in die gemeente. Ons bid beide ouerpare die ryke seën van ons Here toe in die opvoeding van Hein en Maroné. Familie en ander dierbares van die Reyneckes en die Schaafs is hartlik welkom in ons midde!
Woordbediening: Spreuke 3.
Fokusverse: Spreuke 3:1-4.
TEMA: ***Die genade van kindskap en die dankbaarheids-antwoord van Godsvrug.***
Sing: Skrifberyming 11-5: 1; Psalm 100:1, 2, 3, 4; Psalm 119: 4, 5 (tweede melodie); Skrifberyming 11-2: 1, 2, 4 (52); Psalm 146:8; Psalm 139:1, 2, 12.
Bede met meelewing: Psalm 121:4.

AAND: Skriflesing: Jesaja 34
Sing vooraf: Skrifberyming 12-3: 1, 2
Sing tydens diens: Psalm 145:1, 10; Skrifberyming 13 (8-2): 7, 8 ,9; Psalm 68: 13, 15.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir in die rooi sakkies ***Emeritaatsversorging.***
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*
(Volgende week se Spesiale kollekte: ***GKSA Sustentasiefonds***)

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Ons is dankbaar dat **Hettie Venter** se kragte weer so toegeneem het dat sy kon terugkeer na hulle woonstel. Sy moet wel op 16 Januarie weer die kardioloog besoek en ons verseker haar en Attie van ons voorbidding. Die moontlikheid dat sy 'n nuwe pasaangeër moet ontvang is nie uitgesluit nie.

Corrie Fourie is ontslaan uit Mediclinic en terug in Huis Anna Viljoen. Hy is egter weer opgeneem maar nou in Mooimed-hospitaal. Hy was Donderdag vir 'n roetine-ondersoek in die teater en is daarna ontslaan. Ons bede is dat hy spoedig weer sy kragte sal terug ontvang. Ons doen ook voorbidding vir **Jeanette** wat geval en veral haar regterskouer beseer het.

Naomi Fraser is in die hoësorgeenheid by Mediclinic opgeneem, maar sal hopenlik binnekort ontslaan word. Ons bid vir krag en genade van ons hemelse Vader aan haar en sy seën op die behandeling.

Ons doen voorbidding vir ons verswakte lidmate wat in die versorgingseenhede van die onderskeie tehuise en ook tuis verpleeg word. Mag u daagliks versterk word met nuwe krag om die wedloop van die geloof met volharding te kan voltooi.

VAN ONS KERKRAAD

KALENDERS: Die jaarkalenders vir 2024 is beskikbaar by die deure. Ons versoek dat u slegs een per gesin neem.
HULPKATEGETE: Vanweë werks- en gesinsomstandighede moes twee van ons hulpkategete van 2023 vra om van hulle verantwoordelikheid onthef te word. Indien daar broers of susters is wat hulle weg oopsien om op 'n besondere wyse die evangelie aan die verbondskinders van die gemeente te bedien, moet u asseblief met ds. Jannes in verbinding tree.

LIDMAATSAKE

Opgeneem in die gemeente van Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Johané Reynecke. Ons heet haar hartlik welkom in ons gemeente, en wens haar baie geluk met die doop van julle baba, Johané.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

Dag	Datum	Naam en van
Wo	17/01	Zurich en Bianca Terblanche (9 jaar)
Sa	20/01	Tienie en Johanna van der Merwe (56 jaar)

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende die volgende week hulle verjaardag sal vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewens-jaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Di	17/01	**Banie Nortjé**. Wyk 2
Sa	20.01	**Mart Kruger**. Wyk 13

Bede met meelewing: Psalm 121: 4.



Saterdagmiddag, 23 Desember 2023, het ongeveer 70 persone die musikale Kersfees bygewoon. Vir dié wat dit bygewoon het was dit 'n wonderlike geleentheid om van die psalms en kersliedere saam te sing. Agterna is daar heerlik gekuier terwyl ligte verversings geniet is.
Ons hartlike dank aan Magda Pelser – van der Merwe met die moeite wat sy gedoen het met die kersverwerkings en die solo's asook die voorlesing van die Skrifgedeeltes.
Die sagte kollekte, wat ten bate van die restourasie van die Ou Kerkie gehou is, het 'n bedrag van R6 757 ingesamel.
Lidmate wat nog 'n bydrae wil maak ten opsigte van die restourasie van die Ou Kerkie, kan dit direk in die kerk se bankrekening inbetaal met Ou Kerkie as verwysing.
Gereformeerde Kerk Potchefstroom.